


# Valkejag in suidelike Afrika

## 'n Werkbare plan vir bewaring deur volhoubare benutting

Valkejag word wettiglik beoefen in al die provinsies in Suid-Afrika en in Zimbabwe. Provinsiale beleid oor valkejag wat die wyse bepaal waarop nasionale en provinsiale wette en ordonnansies ten opsigte van valkejag toegepas word, is reeds in plek of word ontwikkel in al die provinsies in Suid-Afrika. Daar is ongeveer 160 aktiewe valkeniers in Suid-Afrika en 20 in Zimbabwe.



Valkejag kan beskryf word as "Die kuns om wilde prooi te jag met 'n valk wat afgerig is". Dit word beskou as 'n kuns, omdat mens 'n verskeidenheid van vaardighede moet besit om valkejag te beoefen. Daarby moet 'n mens 'n passie, aanvoeling en aanleg hê om suksesvol te wees.

Arabiese Moslems glo dat dit nie aanvaarbaar is om 'n haas te eet wat deur 'n jaghond gevang is nie, want 'n mens behoort nie 'n ondergeskikte se kos te deel nie. Aan die ander kant glo hulle dat dit aanvaarbaar is om 'n haas te eet wat deur 'n valk gevang is, want 'n valk is jou vennoot as julle jag en nooit jou ondergeskikte nie. Die sensasie van valkejag lê deels in die afrigting en die samewerking van 'n fikse, "vry-vlieënde" roofvoël wat die valkenier sal aanvaar solank as 'n voordelige verhouding behou kan word en ook deels daarin om 'n bevoorregte en diepgaande insig in die lewens en vermoë van hierdie ontsagwekkende diere te hê.

Arabiese Moslems glo dat dit nie aanvaarbaar is om 'n haas te eet wat deur 'n jaghond gevang is nie, want 'n mens behoort nie 'n ondergeskikte se kos te deel nie. Aan die ander kant glo hulle dat dit aanvaarbaar is om 'n haas te eet wat deur 'n valk gevang is, want 'n valk is jou vennoot as julle jag en nooit jou ondergeskikte nie. Die sensasie van valkejag lê deels in die afrigting en die samewerking van 'n fikse, "vry-vlieënde" roofvoël wat die valkenier sal aanvaar solank as 'n voordelige verhouding behou kan word en ook deels daarin om 'n bevoorregte en diepgaande insig in die lewens en vermoë van hierdie ontsagwekkende diere te hê.

Valkejag word beheer deur provinsiale valkenierklubs wat met provinsiale natuurbewaringsinstansies saamwerk om te verseker dat die valkeniers die wet gehoorsaam. Hierdie klubs verseker dat valkejag, versorging en voëlwelsyn van 'n hoë standaard gehandhaaf word. Net so word hoë etiese standaarde in verband met die jag en bestuur van die valke gehandhaaf. Hierdie klubs val almal onder die Suid-Afrikaanse Valkeniersvereniging wat 'n lid is van die Internasionale Vereniging vir Valkeniers en die Bewaring van Roofvoëls ('n lid van die IUCN). Indien 'n voornemende valkenier met valkejag wil begin, moet hy/sy eers by 'n klub in sy/haar provinsie aansluit. Geen valk waarmee gejag word mag aangehou word sonder 'n provinsiale aanhoudingspermit nie en die jag van prooispesies moet binne die jagregulasies van die betrokke provinsie geskied.


Valkejag word aangeleer deur 'n proses waar kennis en vaardighede van 'n meester na 'n vakleerling oorgedra word. Daar is verskeie goeie boeke oor die onderwerp beskikbaar, maar mens kan nie 'n valkenier word deur slegs boeke te bestudeer nie. 'n Voornemende valkenier moet 'n vakleerling word by 'n opgeleide valkenier wat vir die vakleerling verantwoordelik sal wees. Die vakleerling mag vir ten minste 'n jaar nie sy/haar eie valk aanhou nie. Aan die einde van hierdie tydperk en met die aanbeveling van sy/haar leermeester, moet hy/sy 'n geskrewe en mondelinge eksamen aflê en die klub tevrede stel dat hy/sy die vaardigheid, toerusting en fasiliteite het om 'n valk aan te hou. Valkeniers word deur hul eweknieë gradeer op grond van hul vlak van vaardigheid en ondervinding. Hierdie graad bepaal watter tipe voëls deur die valkenier gevlieg mag word.

Roofvoëls was in dele van die wêreld gebruik vir valkejag vir ongeveer so lank as wat perde en jaghonde mak gemaak is. Die groot verskil tussen hierdie diere is dat honde en perde vir eeue in aanhouding geteel was, maar dit is slegs in die laaste 50 jaar dat die behoefte om roofvoëls in gevangenskap te teel, die ontwikkeling van die tegnologie gestimuleer het om dit te doen. In die verlede is valke in die natuur gevang, vir een seisoen gevlieg en weer teruggeplaas in die natuur. Valkeniers glo dat hulle hul valke by die natuur leen. Hierdie voorreg word baie ernstig opgeneem en dit moedig die valkeniers aan om na bewaring en beskerming

van wilde roofvoëls te streef. Vandag is 'n beduidende aantal valke wat deur valkeniers gebruik word, in aanhouding geteel, maar die meeste van die spesies wat vir valkejag gebruik word, is in voldoende getalle in die natuur aanwesig om 'n beperkte en volhoubare aantal valke uit die natuur te kan neem. Hierdie proses ontmoedig handel met roofvoëls; verminder die aantal uitheemse valke waarmee gevlieg word, verminder die aantal roofvoëls in gevangenskap aansienlik en verenig die valkeniers as 'n krag om roofvoëls te bewaar.

## Valkeniers dra by tot bewaring deur:

- Wetenskaplike studies oor roofvoëls en jagvoëls te doen, en dra hierdeur by tot die kennis van hul biologie, getalle en bewaringstatus.
- By te dra tot die werk van wetenskaplikes deur data en veldwaarnemings te voorsien, sowel as vaardighede soos die vind van neste en vangmetodes.
- By te dra tot die rehabilitasie van roofvoëls deur hul kennis van roofvoëlversorging en deur die gebruik van valkenierstegnieke om die oorlewing van hierdie voëls te verseker wanneer hulle vrygelaat word.
- Die ondervinding wat valkeniers opdoen in die teel van roofvoëls in gevangenskap is baie waardevol en daar is internasionaal 'n aantal voorbeelde waar valkeniers bygedra het tot die herstel van krities verkleinde roofvoëlpopulasies soos die Noord-Amerikaanse Swerfvalk, die Mauritiusrooivalk, die Britse Rooiwou en die Britse Sperwer, om 'n paar te noem. Valkeniers in suidelike Afrika het ondervinding op hierdie gebied, maar hoop dat bewaringsaksies op ander gebiede sulke noodmaatreëls sal verhoed.
- Valkeniers is in die gunstige posisie om by te dra tot die bewaring van roofvoëls deur opvoeding en uitreiking. Hulle kan 'n groot deel van die bevolking bereik deur verskeie metodes soos valkejagvertonings, optredes by skole, insluitend die minderbevoorregtes, en skakeling met boere. Hierdeur dra hulle hul passie vir roofvoëls oor en moedig mense aan om 'n waardering vir hierdie voëls te hê wat die mense sal inspireer om hulle waarde te besef en hulle te bewaar.



Valkeniers is trots op hul samewerking met die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe en het 'n samewerkings-ooreenkoms met hierdie organisasie onderteken.

Valkejag is deel van ons kultuurerfenis net soos die roofvoëls deel is van ons natuurerfenis. Die volgehoue beoefening van valkejag sal help om ons natuurerfenis te bewaar en te onderhou vir toekomstige geslagte.

Vir meer inligting oor valkejag in Suid-Afrika, besoek ons webtuiste by [www.safalconry.org.za](http://www.safalconry.org.za). Voornemende valkeniers kan die sekretaris van die Suid-Afrikaanse Valkeniersvereniging, dr. Adrian Lombard, by [lombarda@mweb.co.za](mailto:lombarda@mweb.co.za). Kontak en hulle sal dan verwys word na die valkeniersklub in hul omgewing.

Teks deur Adrian Lombard; vertaling deur Ronelle Visagie en Julius Koen; illustrasies deur Maggie Newman; uitleg deur Africa4U  
BoPWG pamflet projek gekoördineer deur Mark D Anderson



Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506  
Webtuiste: [www.ewt.org.za](http://www.ewt.org.za)

E-pos: [andreb@ewt.org.za](mailto:andreb@ewt.org.za) (André Botha) of [bopwg@ewt.org.za](mailto:bopwg@ewt.org.za) (Erika Belz)